Reeks: Images Of Jesus Matter
Titel: ... wynmaker
Prediker: Johan Geyser
Datum: 11 November 2012

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

As jy ‘n volgeling raak van die Here Jesus gaan Hy jou verras, en heel moontlik ook een of ander tyd ontstel. Ons kry hierdie patroon in die hele Nuwe Testament waar mense aanvanklik baie opgewonde is, en dan stelselmatig agterkom dat dit eintlik oor iets anderster gaan as wat hulle gedink het, wat van hulle gevra word, en dat Hy nie heeltemal binne hulle idee pas van wat ‘n Messias behoort te wees nie, en hulle dan ontsteld is daaroor.

Die hele episode van die wynmaker is juis een van hierdie goed wat ek dink jou ten minste sal verras, as dit jou nie ontstel nie, dat Jesus ook weergegee word as ‘n wynmaker. Ek meen, hier begin die mees invloedryke persoon wat nog ooit geleef het op hierdie aarde Sy beweging deur ‘n bruilof by te woon en twee tieners, wat seker nie goed beplan het nie, te help en ‘n verleentheid te spaar deur water in wyn te verander sodat die feestelike vieringe kan aangaan. Dit klink net nie asof dit die beste manier is om ‘n beweging mee te begin nie.

Ek... en dan, ek onthou, terwyl ek ‘n teologiese student was kon een van ons dosente glad nie aanvaar dat Jesus water in wyn verander het nie. Hy het diep teologiese diskussies, eksegetiese uitleg, Griekse woorde gevat, verduidelik, uiteindelik vir ons aangetoon dat Jesus water in nie-alkoholiese wyn verander het. Een van die studente se opmerking was: maar noem mens dit nie druiwesap nie? Dit kon net nie in sy verwysingsraamwerk pas, hy was... hy het ‘n sterk Baptistiese agtergrond gehad, dat Jesus water in wyn kan verander nie.

Wat leer ons? Watter beelde, prente, kom na ons toe deur hierdie gebeurtenis, wat die kerk baie sterk oor gevoel het in die begin, moet opgeneem word as ‘n outentieke weergawe van die lewe van Jesus? Hy het Sy bediening begin deur water in wyn te verander. Eerste ding is, Hy leef met simboliek. Simboliek beteken dat ek ‘n prent het, ‘n beeld het wat iets wat eg is, maar wat eintlik praat van iets anders. Die simbool self is nie die realiteit wat die simbool verteenwoordig nie.

Net soos die doop vandag ook ‘n simbool is praat dit eintlik van ‘n realiteit wat onsigbaar is maar wat eg is en wat wel bestaan. Die hele gebeurtenis, volgens vers 11, was ‘n teken gewees van Jesus. Dit was een van Sy eerste tekens, en alles wat daar gebeur het is simbolies van aard, praat eintlik van iets anders wat ‘n realiteit is, maar wat nie noodwendig met die oog op daardie oomblik waargeneem kan word nie.

Kyk wat gebeur: Jesus se ma kom na Hom toe en sê vir Hom, die wyn is klaar. Dis interessant dat Jesus Sy bediening ook nou begin het. Hy het die huis gelos. Sy vader is oorlede; Josef, sy moeder bly alleen. Hy kom, Hy besoek haar, gaan saam met haar na ‘n troue toe. Troues daar het so drie dae geduur en het gewoonlik, die viering, gepaardgegaan met wyn. En dit was half ‘n skande, ‘n groot verleentheid, as jou gaste nie genoeg kry om te eet en om te drink by so ‘n geleentheid nie. En skielik is die wyn klaar. Hulle sien ons het nie meer wyn nie. Sy gaan na Hom toe en sê vir Hom, die wyn is klaar.

Hy reageer op ‘n baie onverstaanbare manier teenoor haar. Ek meen, party vertalers vind dit baie moeilik om dit letterlik te vertaal, wat daar staan in die Grieks. Die Ou Vertaling sê, vrou, wat het dit met my te doen. Jy weet, en die Engelse... van die Engelse Vertalings sê, mother. Dis glad nie wat in die Grieks is nie. Vrou, wat het dit met my te doen? My uur het nog nie gekom nie. En sy sê nie vir Hom, ‘skuus, man, mens praat nie so met jou ma nie. Sy sê ook nie vir hom... En wat daar gebeur is nie skielik toe


**© 2012 Mosaïek**

daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

dink Hy daaroor en toe sê Hy vir haar, ah, okay, kom ek help en ek verander die water in die wyn nie.  Hy sê My uur is nog nie daar nie.

Dis ‘n tegniese term, daardie uitdrukking: my uur het nog nie gekom nie.  Dis ‘n term wat jy telkemale in die Evangelie van Johannes kry voorkom.  Soos byvoorbeeld 7:30, 8:20, en op ander plekke word dit gebruik, en elke keer wat dit gebruik word verwys dit na die dood van die Here Jesus, en ‘n mens wonder nou, waarom praat Hy nou oor Sy dood as hulle nou by ‘n begrafnis... ag, as hulle nou by ‘n huwelik is.  Hy doen wat ongetroude mense gewoonlik doen as hulle by ‘n huwelik is.  Wat doen jy?  Jy dink wanneer gaan ek trou.  Met wie gaan ek trou?  Ek wonder hoe gaan dit wees, waar gaan dit wees.  Nee, ek hou nie van dit nie.  Ek gaan nie dit doen by my troue nie.  Ek gaan dit doen by my troue.

Jesus dink aan Sy huwelik, en Hy dink aan die koste wat dit Hom gaan kos om daardie huwelik tot stand te bring, wat dit Hom gaan kos om die wyn vir Sy huwelik te gee.  Die reinigingskanne wat Hy gebruik om te vul met water is die kanne wat gebruik word by die tempel om jouself mee skoon te maak.  Weereens simboliek.  Daardie kan het jou nie regtig skoongemaak innerlik nie, maar jy het jou gewas met water voordat jy in die tempel ingaan want jy gaan nou na God toe, en jy gaan met God ontmoet.  En God is heilig, en God is groot, en daarom moet ek myself skoonmaak as ek na die Here toe gaan.  En as ‘n simbool het hulle met die...

Jesus vat daardie kanne en Hy maak hulle vol wyn... vol water, en Hy verander dit in wyn.  En, weet jy, van die kommentare meen dat Hy tot 500 liter wyn gemaak het daar.  Ek hoop daar was baie gaste, jy weet.  Hulle het regtig ‘n partytjie gehou daarso.  Maar Hy is op ‘n ander plek, en dit is hoekom Sy toon skielik verander, en dit is hoekom Hy skielik op ‘n ander manier praat en kyk na dit wat daar gebeur.  Hy lewe met simboliek, en Hy sê eintlik dat hierdie ding wat hier gebeur, hierdie huwelik, praat eintlik van <u>die</u> huwelik wat gaan plaasvind, Ek wat vir myself ‘n bruid voorberei.

Jy weet, en om met hierdie simboliek te leef is natuurlik... is groot in die Nuwe Testament.  Paulus praat byvoorbeeld in Efesiërs 3:14 van aardse vaderskap wat afgelei is van hemelse vaderskap af.  En wat hy daarby bedoel is dat ons het pa’s.  Hoekom is daar pa’s vandag?  Hoekom moet ons op hierdie manier voortplant en hoekom moet ons op hierdie manier lewe tot stand bring?  Hoekom moet daar ‘n pa wees?  Hoekom moet daar ‘n ma wees?  Paulus sê sodat ons ‘n prent kan kry en ‘n idee kan kry van hoe God is.  Hy is ‘n vader.  En daarom gebeur hierdie goed.  Dis net ‘n prentjie, ‘n beeld van die eintlike vaderskap.  En so is die huwelik ‘n prent, ‘n beeld van die eintlike huwelik waaroor Jesus gekom het, en Sy huwelik wat Hy tot stand wil bring.  Almal leef nie met simboliek nie.  Dit is deel daarvan om ‘n geestelike mens te word, om met simboliek te leef.

Ek het ‘n vriend, hy noem homself ‘n materialis.  Dis ‘n baie intelligente ou.  Hy is ‘n fietsryer, dis gewoonlik so, en hulle... hy is baie openlik daaroor.  Hy was die afgelope 20 jaar twee keer in ‘n kerk en dit was by begrafnisse gewees.  Vir sy... hy voel dat die  beste manier om te lewe is om met realiteit om te gaan, en dit is om na goed te kyk wat werklik so is en wat werklik bestaan.  Hy sê byvoorbeeld dat sielkunde en teologie glad nie ‘n wetenskap is nie.  Dit is nie ‘n wetenskap nie want dit kan nie bewys word nie.  Daar word gespekuleer en daar word net met teorieë gewerk wat sinneloos eintlik maar is, en hy is nie bereid om sy lewe so deur te bring nie.  Net dit war empiries bewys kan word en onder 'n mikroskoop waargeneem kan word bestaan, en dis hoe jy jou lewe moet inrig.

Hy voel byvoorbeeld dat Christene swakkelinge is.  Hy sê, ek kom op ‘n begrafnis dan sê hulle, nee, hy is nie dood nie.  Hy is nie dood nie.  Hy sê hy is dood.  Kyk daar.  Grou hom op na ‘n jaar en kyk.  Hy is nog steeds daar.  Hy is... daar is nie meer lewe nie.  Hy sê, en, jy weet, eintlik is Godsdiens en geloof vir swakkelinge wat nie met realiteit kan deel nie.  Hy sê vir my my lewe sal baie beter wees as ek die feite


**© 2012 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

aanvaar. Hy sê, want vir hom beteken dit baie. Hy kan elke oomblik waardeer. Hy kan elke oomblik geniet want hy weet dit gaan tot 'n einde kom. Hy sê dis bad, maar dis hoe dit is. Get over it, en maak nou die beste van jou lewe en geniet jouself soveel as wat jy kan.

Hy is baie respekvol teenoor ander mense. Toe ek eenkeer die gesprek met hom wil vat na sy waardes toe om vir hom aan te toon, luister hier, man, in jou lewe is daar klomp goed wat besig is om te werk, soos liefde, soos jou values. Weet jy, ek waardeer dit dat jy mense so respekvol behandel, dan sê hy vir my, weet jy wat, dis 'n logiese konklusie wat ek gevorm het uit my belewenis en my ervaring met ander mense, dat dit die beste manier is om te leef. Ek sê, ons noem dit jou waardes. Dis iets wat...

Nee, nee, nee, nee, nee, dis logika. Dis die beste manier om te leef. Liefde is 'n organiese proses wat plaasvind in jou brein. Dis hoe hy daarna kyk. Geen simboliek. As hy eet, byvoorbeeld, hy weeg sy kos. Hy kyk presies hoeveel proteïene moet hy inkry, hoeveel koolhidrate moet hy inkry, hoeveel vet moet daarin wees, en dan eet hy dit. Dit is vir hom... dit is hoe hy leef. Maar weet jy, daar is 'n vermoë wat 'n mens het wat anders... wat ons anders maak as diere. Vir my is dit baie banaal. Dit is om net bloot te kyk na wat jy kan sien, vat en voel, en ek dink om 'n Christen te wees beteken om met simboliek te leef, is om verder te kyk na realiteite wat bestaan wat jy nie met jou oog kan waarneem nie.

Deur simbole te skep en met simbole te lewe gee sy sin aan jou lewe. Jy bring bietjie soul in jou lewe in, en jy leef in 'n wêreld van enchantment. Anders is dit... dis so wit en swart. Dit is so banaal. Dis eintlik al woord waaraan ek kan dink wat hom nou na toe kom. Kyk, diere het nie die vermoë om met simbole te leef nie. Diere doen baie goed wat ons doen. Hulle eet, hulle kry kinders, hulle leef in community, in groepe, hulle werk, hulle speel, maar vir ons het elke een van daardie funksies 'n totaal ander betekenis as vir 'n dier, omdat ons dit met simboliek kan doen.

Jy kan byvoorbeeld sonder simbole eet of met simbole eet. Jy kan, soos my vriend, intrek soos 'n motor in die motorhawe, en sê, maak hom vol, ek moet ry. Dis presies hoeveel ek nodig het, en dis watse petrol ek nodig het dat ek kan ry. Of jy kan gaan sit en 'n kers aansteek. Jy kan in haar oë kyk. Jy kan sê kom ons bid saam. Kom ons vat ons hande. Ons dank die Here vir Sy voorsiening, dat 'n dier dood moes gaan dat ek kan lewe. Dankie. Dankie vir alles wat ons kry.

Jy kan... daar kan musiek wees. Jy kan daardie kos vat en jy kan bewustelik die tekstuur voel van daardie kos. Jy kan proe hoe die... hoe jou tastebuds alles geaktiveer word; die soet, die suur, die bitter, die alles, en jy kan verwonderd wees oor die wonder van grond wat vrugte voortbring en wat groente voortbring, en uit daardie grond uit al hierdie wonderlike geure en smake bymekaarbring, en hoe dit kunstig bymekaargesit kan word, en jy kan eet. Dit is 'n totaal ander belewenis en 'n omgaan met kos. Nou eet jy met simbole. Dis meer, en baie meer, as 'n blote fisiese gebeurtenis wat met jou plaasvind.

En so kan ons kyk na ons lewe, dat jou pyn kan jy bloot verklaar as arthritis, en dis klaar. Dis wat die dokter sê. Dis bewys onder die mikro... dis arthritis. Daar kan 'n diep psigiese betekenis agter daardie arthritis van jou lê. Dit kan beteken en dit kan 'n aanduiding wees dat jy op 'n oorgang van jou lewe is, en dat jy op 'n plek is in jou lewe waar jy baie pyn geakkumuleer het, en met daardie pyn loop, en met daardie pyn sit. Dit kan 'n heel ander betekenis inhou vir jou.

Geestelik kan jy daarna kyk as iets, as 'n kruis wat jy nou moet dra en waarmee jy nou moet sit. Dit kan iets wees wat jou na God toe laat neig en jou na God toe laat draai, en na Hom begin kyk as jou groot geneesheer om jou te lei, jou te dra, jou te genees, jou deur dit te vat. Dis om te leef met simbole. Dis


**© 2012 Mosaïek**

miskien die heel eerste ding wat ons kan agterkom van hoe Jesus geleef het met simbole. Maar hy kom ook en hy stel hom voor in hierdie verhaal as die hoof dienaar.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Nou, die hoof dienaar was die seremoniemeester gewees. Dit was die persoon wat die verrigtinge gestuur het en gesorg het... hy was die hart van die partytjie, dat daar heeltyd iets gebeur en dat dit opwindend bly. Hy het gesien hy kry probleme; die hoofdienaar. Jesus kom in en Hy neem oor. Hy gryp in. Die hoofdienaar weet dit nie eers nie. Hy kry die krediet vir iets wat hy glad nie eers gedoen het nie. Dis iets wat die Here vir hom gee, maar Hy kom en Hy bring 'n partytjie, 'n feestelikheid. Jy weet, en as daar een metafoor is waarmee Jesus die Koninkryk van God die heeltyd mee voorstel dan is dit met 'n fees. Jy weet, aanmekaar vertel Hy dis soos 'n fees; dis soos 'n huweliksfees. Dit is soos 'n groot fees wat daar gehou word. Dit is hoe dit is om met God te doen te kry en saam met God te leef.

Jy weet, ek weet nie wat doen dit aan jou nie as jy dit hoor nie. Jou... ek... dit vat my dadelik na my eie belewenis toe, en ek voel, ja, die lewe is ook commitment, dis ook self-sacrifice, dis ook uitgestelde genot. Dis impulsbeheer, dit is... dis klomp goed, dit ook. Maar uiteindelik sê Hy daar is nie iets beter waarmee ek dit kan voorstel as 'n fees nie. Die Koninkryk van God is blydskap in die Heilige Gees, Romeine 14:17, jy weet, en as ons dit nie beleef nie dan beteken dit nie dat dit nie so is nie. Dan beteken dit dat ons dalk iets mis van dit wat kan wees en van dit waaroor dit gaan. En dit kan 'n groot uitnodiging wees vir ons, dat daar baie meer is. En as jy ooit sê nee, ek weet nie, maar dit... is dit nie so nie dat ons daardie halwe gevoelentheid is dat as ek nou regtig alles vir die Here gee en die Here is in totale beheer van my lewe beteken dit nie dat daar baie min fun gaan wees nie, huh?

Ek onthou, ons was tieners, en ons speel eenkeer so lekker, en toe dit... en ons duik mekaar en ons gooi mekaar met water en ons is laf, jong, en dis by 'n kerk kamp, een een van die outjies steek so vas. Hy sê, jis, jong, is dit nie sonde nie, dis so lekker, jy weet. En dis daardie gevoel wat ons het. As dit so lekker moet wees dan is dit dalk nie meer reg nie. Kan ons dit dat 'n... dat daardie lewe saam met Hom gaan ons eintlik vat na diep, volkome blydskap toe waarna ons diep hunker in ons binneste? Dis wat Hy sê. En dan sê Hy ook hoe Hy kom. Hy kom en Hy doen dit vir eenheid. Hy sê vir ons eintlik ook Ek is die bruidegom. Ek is die bruidegom. Dit sê vir ons iets van hoe Hy dink oor ons, van hoe Hy kyk na ons.

Jy weet, ek weet nie, jy kry nie 'n lelike bruid nie. Ek weet nie, het u dit al agtergekom? Ek dink dis deel van daardie hele aantrekkery en alles wat hulle aansit, dat dit werk net op die einde so goed uit, nê, dat hoe sy eintlik ookal in ware lewe lyk, daardie dag lyk sy regtig besonder goed, en dit is hoe Hy na ons kyk, as Sy bruid. Hy verlang na ons. Dis wat Hy mee besig is. Ek meen, waarmee is 'n bruidegom besig? Dis sy bruid. Dis waaroor dit gaan. Dis waarna ek verlang en ek... ek sien uit na wat voorlê, en as die Evangelies begin te praat oor Jesus dan stel hy hom voor as die bruidegom.

Kyk, dit was 'n ou tema in die Ou Testament, dat God nie net ons herder is nie, dat Hy nie net ons leeraar is nie, dat Hy nie net ons vader is nie, maar dat Hy ook ons bruidegom is, en dat dit miskien die hoogste uitdrukking is van waarheen die hele wêreld en jou lewe heen kulmineer, is na daardie totale eenwording toe wat daar is met God. Jy weet, en toe Jesus se dissipels nie vas nie in Lukas 4, toe sê hulle vir Hom, hoekom vas hulle nie. Toe sê Hy, hoe kan hulle vas as die bruidegom hier is.

Toe Johannes die Doper na Jesus kyk toe kry hy hierdie diep insig dat dit is Hy waarvan die hele Ou Testament van gepraat het, die bruidegom. Hy is hier. Toe Johannes die dissipels van die Here gekry het op die eiland van Patmos in Openbaring 19, toe sê hy, kom ek vertel julle waarheen gaan dit alles; na 'n bruilofsfees van die lam toe. Dit gaan uiteindelik daaroor dat God een gaan word met ons en ons een met Hom gaan word. Ons het uit Hom uit gekom. Ons word een met Hom. Ons gaan terug in Hom in.




**© 2012 Mosaïek**

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Dis misties van aard. Dit is iets wat beleef kan word maar nie volkome verstaan kan word nie, nie volkome gevoel kan word nie, nie volkome verduidelik kan word nie. Dis 'n mistiese realiteit en werklikheid, en die eerste kerk se leiers het vroeg in die derde eeu dit vasgemaak en gesê dit is waarheen 'n lewe met God jou na toe lei. Uiteindelik sal jy uitkom by 'n bruilofsfees. Uiteindelik gaan daar 'n eenheid tussen jou en Hom kom. Jy gaan soos Hy word en jy gaan totaal opgeneem word met wie God is wanneer jy in daardie eenheid inbeweeg.

En daar is ook 'n duidelike pad uitgespel na daardie eenheid toe. Dit gaan gepaard met ontwaking, met 'n wakkerword uit 'n slaap uit. Dit gaan gepaard met 'n verligting, met insig wat jy gaan ontvang op hierdie pad, om dit te kan sien wat eintlik aan die gang is, en waaroor dit eintlik gaan, en dit gaan dat ook uiteindelik gepaard met 'n... met reinheid, met skoonheid, met 'n aflê, en so stap jy in in hierdie lewe in. En so het hulle in die ou kerk dikwels verwys na mense, van hy het eintlik een geword met God. Hy het al so vêr op hierdie pad gevorder en gestap dat daar nie net 'n teologiese. 'n dogmatiese ek glo dit in my kop eenheid is nie, maar dat daar 'n belewenis is dat hierdie persoon vervleg is, verweef is in God en dat hy diep in God se lewe deel. Dit is hoe daar aan gedink is.

Ek dink hierdie verhaal nooi ons uit. Miskien drie goed: om eers te erken. As ons kan agterkom wat ons groot nood en ons behoefte is, en kan erken dat God daar is vir ons, en dat Hy belangstel en dat dit saak maak vir Hom. Weet jy, dit... ek het uitgevind dis vir my makliker om te glo as ek 'n behoefte het, met ander woorde as ek iets het wat ek moet kry om aan te kan gaan met die lewe, dat Hy dit vir my wil gee. Maar as ek 'n begeerte het is dit nie vir my so maklik om te glo en te vertrou dat Hy daarin belangstel en dat Hy dit vir my sal gee nie.

Dink 'n bietjie. Kyk, en ons lysie groei, nê. Dis interessant. Ek het navorsing gelees. 20 jaar terug was daar vyf basiese behoeftes. Toe daar nou navorsing gedoen word en vir mense gevra word wat is die goed waarsonder jy nie kan leef nie, toe het die lysie nou gegroei na 15 toe. Ons begeertes het ons behoeftes geraak. Maar regtig, kan jy sonder wyn klaarkom op jou troue? Ek dink so. Maar, jy weet, Hy red 'n ou se ego. Hy red hulle verleentheid en Hy maak net... Hy gee hulle net 'n groot geskenk en hulle het net 'n lekker groot partytjie. Dis so onnodig, maar Hy doen dit want dit is so lekker en dit is vir hulle so great dat dit so kan wees. Kan ons dink dat God so na ons kyk en dat Hy so oor ons voel?

Ek het... ek het arm grootgeword, en ek dink dir miskien hierdie ding van... laat.. daar was nie oor... daar het nooit oorgebly nie. Ons het nooit kos weggegooi nie. Jy kon opskep soveel as wat jy wil in die huis, maar jy sal elke sousie aflek van daardie bord af vir jou, want êrens is daar mense wat nie kos het nie. En ek kon nooit verstaan hoekom moet ek eet as ander ouens nie het nie. Kan ons dit nie vir hulle gee in Etiopië of so, maar hoekom moet ek dit nou eet, jy weet? Maar dit is hoe ek grootgemaak is. Daar bly nie oor nie. Maar Jesus kom, dan vermeerder Hy die vis en die brood, en dan? Dan mors Hy. Daar bly 12 mandjies oor. Dis 'n lunch pak vir elke dissipel vir die week, huh. Dis nie nodig nie, maar Hy doen dit.

Ek lees 'n gedig van John Shea [?] hierdie week wat sê: He was too much for them, like a woman loves too much, like ointment that costs too much and is spilled too much, like a 70 times 7 God who forgives too much, like a sea that grows too much and yields 30, 60, hundredfold. Dis hoe God is, huh. Hy stel belang. Nou, miskien, ek dink heel moontlik, soos Maria, gaan Hy nie dadelik vir jou sê wat wil jy...? Ja, ek gee dit vir jou. Hy sê vir haar... Hy sê, nee, wag, kyk na tyd, kyk na die manier, en Hy word... sy word uitgenooi om te beweeg. En Trevor sê dit so mooi. Eenkeer toe ek hom hoor praat hieroor, toe sê hy, and she moved from willfulness to willingness. Alles wat Hy vir julle sê om te doen, doen dit.


**© 2012 Mosaïek**

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Hy vat jou in ‘n verhouding in.  Hy vat jou in na meer toe van wie Hy is, want eintlik gaan dit daaroor, nie net dat jy lekker wyn sal drink op ‘n partytjie nie.  Kyk, as jy nou nog op die plek is waar jy ‘n bewys wil soek dat jy as ‘n Christen wyn kan drink dan mis jy die groot ding van waaroor dit eintlik gaan.  Ja, jy kan, maar dis baie meer as dit.  Dis om te deel, uiteindelik, in die lewe van Jesus.  Dis om die wyn te kan drink, die wyn te kan drink, huh, en Hy vat jou dan in daarmee.  Miskien word ons diep uitgedaag om te glo daar is so ‘n lewe, en die lewe lê in ‘n lewe saam met Jesus, in verbondenheid, in ‘n verhouding, in ‘n omgang, in ‘n ervaring, liefdes, intiem, saam met Jesus.  Dis waar dit lê.

Hy vertel ‘n gelykenis in Lukas 14.  Jesus sê daar is ‘n groot maaltyd aan die gang; ‘n bruilofsfees.  Gaan nooi die mense.  Maar die een kom terug en hy sê, ek kan nie nou kom nie.  Ek het ‘n stuk grond gekoop.  Die ander een sê, verskriklik dankie vir die uitnodiging, maar ek het twee osse gekoop en ek moet net kyk of hulle gaan werk en of ek dit kan ploeg.  Die ander ou sê, jis, ek sou so graag wou kom, maar ek gaan op honeymoon.  Ek het groot, interessante goed wat vir my voorlê.  Ek kan nie nou kom nie.

En Jesus sê, dis hoe die Koninkryk van God is.  Daar is nou ‘n bruilofsfees aan die gang, maar baie van ons is totaal onbewus daarvan.  En jy is genooi.  Ons is genooi.  Ek staan by die deur en ek klop, sê Jesus.  As jy hoor en jy maak oop dan sal ek inkom.  Ek sal maaltyd hou.  Ek sal fees vier saam met jou.  Maar ons is opgeneem, en dis nie dat ons nie belangstel nie.  Dis nie dat ons agnosties is nie.  Dis nie dat ons ateïste is en sê daar is nie ‘n God nie.  Dis net dat ek nie nou tyd het nie.  Dis net dat ek nou baie besig is.  Dis net dat ek miskien dink die lewe lê vir my eintlik meer op ander plekke as wat dit lê in die gees.  Ek kry dit meer, die goed wat ek kan besit, wat ek kan bekom en wat ek kan vat, en wat ek kan voel.  En Jesus sê, nee, My Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie.  Jy word uitgenooi om in die gees in te stap en na ‘n ander plek toe te gaan, daar, met My.  Dis waar dit lê.  Kom soontoe.

Miskien is ons soos ‘n seuntjie wat ‘n speel karretjie kry op sy verjaarsdag, nê, en hier is hierdie groot partytjie aan die gang, en nou sê sy ma-hulle vir hom, kom ons bêre jou ou karretjie, want jy is nou net so behep met jou karretjie.  Jy is besig met jou karretjie.  Jy het... al jou maatjies is hierso.  Hier is soveel lekker kos.  Hier is ‘n springkasteel.  Kom geniet nou eers die partytjie, en dan kan jy later met jou karretjie speel.  En hy sê, huh-uh, ek wil my karretjie hê.  Dis al wat vir my saak maak, is my karretjie.  Ek... dis... jy huil.  Jy is kwaad, maar hier is ‘n partytjie aan die gang.  Ja, die lewe het sy smart.  Ja, jy het nie nou jou karretjie nie, maar weet jy wat, daar is ‘n groot... die lewe is groot.  En dis... daar is soveel aan die gang waarin jy kan in vat en goed [klank glip].  Vier die fees.

Laaste ding, dis ‘n ervaring.  Dis ‘n rieële ervaring waarin jy kan deel.  Dis nie net iets wat jy moet glo nie.  Dis nie net iets wat jy moet van weet nie.  Dis nie net iets wat jy insig in moet kry nie.  Dis uiteindelik iets wat beleef en ervaar moet word, en dis ‘n geestelike ervaring.  Dis ‘n geesteservaring, om te eet, om te drink, om fees te vier, om saam met Hom te kan wees.  Dis eg.

Ek dink ons is baie uitgedaag in die tyd waarin ons lewe.  Wat is eg, en wat is betekenisvolle ervaringe waarop ek moet ag slaan en waarop ek my lewe kan bou, en wat sentraal tot my lewe hoort?  Ek dink dis ‘n groot en ‘n belangrike deel van wat dit beteken om ‘n Christen te wees, veral met die media en tegnologie van vandag.  Wat is real, en wat is eintlik die belangrike ding waaroor dit eintlik gaan?

Ek dink ons kan afgelei word en weggelei word, en dis waarom ons vandag gidse nodig het om te sê dit is belangrik.  Dit is wat besig is om te gebeur met jou, en dit is iets in die gees waarop daar ag geslaan moet word, en wat belangrik is vir jou lewe.  En ek dink hierdie ervaring van God, om te eet, om te drink, is iets wat geïnterpreteer moet word, en dis iets wat jy aan moet leer.  Dit is iets wat jy moet snap en agterkom.


**© 2012 Mosaïek**

mosaïek

daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Ek wil dit so verduidelik: ek het gesê ek het arm geword. Ons het nie anchovies en aspersies en al hierdie fancy kosse gehad toe ons grootgeword het nie. Nooit nie. Toe ek by Wilma gaan kuier... ek het haar.. standerd ses... sy was baie klein gewees nog, ek moes baie opvoeding doen, het ek haar... hulle was ryk en fancy gewees. Ek meen, ek kom daar, hier het hulle olywe en al sulke goed. Ek kon nie glo toe ek die eerste keer 'n olyf proe.

Ek skep toe nou maar vir my 'n groot... in, jy weet, en toe ek hom proe; dis die slegste ding wat ek in my lewe geproe het. Pampoen met suiker op, en botter, dis lekker, maar hierdie suur, bitter, slegte goed. En een.. nou lê dit daar. Wat doen jy nou? Jy wurg maar in, jy weet, los 'n paar, begrawe 'n paar. En die tannie sê toe vir my, al wat jy moet doen is, soveel as wat jy kan, as die olywe kom, byt hom net en vat net een happie, al hou jy niks daarvan nie. En ek doen dit toe.

Weet jy wat gebeur? Eendag toe sê ek ek is vandag lus vir olywe. Ek weet nie hoe werk dit nie, of jou tastebuds geaktiveer word en hulle het nooit geleer om daardie tipe goed te proe en lus te raak nie. Toe verlang ek na olywe, en ek eet amper 'n hele bottel olywe op, en ek dink, olywe is verskriklik lekker, en dit was nooit nie. Ek kon dit nie verstaan nie. Jy weet, en ek dink so is baie van die goed van die gees, die woord, gebed, baie van dit. Jy weet, partykeer, proe hom, eet hom, doen hom. Al gebeur nou nou niks nie, al is dit nie nou vir jou lekker nie. Dis belangrik. Dis 'n sinvolle, betekenisvolle ervaring waarom jy jou lewe moet bou en jou lewe moet rig, en skielik dan kom daar 'n ontwaking en jy sê, nou is ek lus vir hom. Nou wil ek hê, nou wil ek kry. Dan verstaan jy hom.

Ons word uitgenooi om te ervaar. Petrus sê... jy weet, ek het altyd gedink dis dalk as jy nou verder gevorderd is op die weg. Petrus sê nee, as jy ten minste gesmaak het dat die Here goedertierend is. Hy sê jy proe dit, jy smaak dit, jy eet dit. Ek onthou ek was Berg Atos toe in Griekeland, buitekant Griekeland. Die Griekse Ortodokse.. daar is 300 monnike wat op hierdie eiland bly. Dis 'n baie heilige plek. Daar is net mans daarso. En ek is op pad soontoe, en ek vra vir een van die ou vaders wat daar is, vertel my hoe kan ek by God uitkom. Hoe kan 'n mens God leer ken? Ek wil net hoor wat dink hy, wat voel hy. Hy sê vir my, wat dink jy. En ek praat so 'n rukkie. Hy sê vir my, o, jy is protestants. Ek sê vir hom hoekom sê jy so. Hy sê vir my dis omdat jy... alles by jou is verstaan. Alles is Bybel en verstaan. Dis alles hier in die kop.

By ons werk dit nie so nie. Ek sê vir jou, kom smaak en kom sien dat die Here goed is. Kom beleef dit. Dis nie net om te verstaan nie. Dis nie net om te sien nie. En sy uitnodiging is iets wat my so bybly, wat so... ons is uitgenooi na daardie lewe toe, na daardie plek toe. Kom beleef... waar is jy vanmôre? Waar is jy vanmôre? Is daar by jou 'n honger? Hoor jy die uitnodiging? Is jy bewus van die groter gebeure in hierdie wêreld, of is jy opgeneem met jou karretjie wat jy nie nou het nie?

Daar is iets groter aan die gang. Kan jy glo? Kan jy glo dat net dalk die belangrikste ding vir God en vir die Here Jesus was om 'n bruid te kry en sy kinders te kry en 'n ewigheid saam met hulle te kan spandeer? Dit klink so wêreldvreemd. Dit is so: what? Watse praktiese waarde hou dit in? Heelwat, as jy dit begin beleef. Kan jy dit glo vandag? Hoor jy die uitnodiging? Het jy 'n honger daarvoor? Hy is daar vir ons. Kom ons bid saam.

Vader, baie dankie dat ons hier kan saam wees. Ons dank U vir die woorde wat U vir ons gee, wat in ons midde is. Help ons, Here, om te kan sien. Help ons om te kan hoor, regtig verder te kan kyk na dit wat net voor ons oë gebeur. Help ons om met geestesoë te kyk. Help ons om met simboliek te leef en te groei daarin sodat ons die lewe kan vat en kan voel soos U dit beplan het. Ek dank U daarvoor.


**© 2012 Mosaïek**

Ek wil besonder bid vanmôre vir ons wat hier is en dalk baie opgeneem is met ons pyn, met ons hartseer, met die lewe wat baie skeefloop vir ons vandag. Help ons, Here, om nie net te ontvlug nie, maar in die groter realiteit in te stap van wat die lewe is en waarnatoe ons genooi word.  Ek vra dit in die naam van Jesus.  Help ons om dit te relativeer, om dit kleiner te maak in ons lewe, wat dalk nou totaal oorheers.  Gee vir ons nou lewe, ten spyte van alles wat ons het, in ons lewe aan die gang is.  Ons vra dit in die naam van Jesus, amen.

Mag jy in hierdie week wat voorlê die wonderlike gemeenskap van die Heilige Gees beleef, amen.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com




**© 2012 Mosaïek**